

KAMPUS *NEWS*



MARINA RAUTENBACH

A true inspiration

Ontmoet dosent
Amber de Laan

Call Centre now
speaks six languages

Nuwe baadjie vir
US se raadsaal

Addressing shyness
in young children

My Kampus: Amber de Laan ploeg terug3
 Collaborative research into food security4
 US blink uit by Energie-pryse5
 UWVK en e'Bosch vereer wyle prof Botman6
 Naudé sets the tone for USB's next 50 years7
 'n Nuwe raadsaal; 'n nuwe era8
 R50 goes a long way9
 Call Centre now speaks six languages10
 'Bling' vir Losliddag11
 Opera-fliëk op kampus verfilm12
 Kampuslewe: Eet, lees en luister13
 Facing shyness14
 In conversation with prof Marina Rautenbach15
 Brokkies in Beeld16



VAN DIE Redakteur

Vernuwing is sekerlik een van die konstantes in die lewe – dinge is gedurig aan't verander en ons vind nuwe maniere van doen.

By die US verander ons omgewing ook teen 'n snelle pas om by te hou met tegnologie en veranderende behoeftes. Dié maand berig *Kampusnuus* oor 'n paar nuwighede op kampus.

Die raadsaal in Admin B is waar van die belangrikste besluite oor die Universiteit se toekoms geneem word. Onlangs is die interieur van die raadsaal oorgedoen en dit is nou 'n vergaderlokaal met van die jongste tegnologie en byderwetse meubels.

Ook in die Van der Sterr-gebou is daar nou 'n byna futuristiese lesingsaal wat die leer-en-onderrig-ervaring vir studente en dosente soveel beter maak. Lees meer oor hierdie vernuwings op bladsy 8.

SU's Client Service Centre can now help students and parents in six of South Africa's official languages – Afrikaans, English, isiXhosa, isiZulu, Setswana and Sesotho. Students from all over the country are eager to study at SU, and providing them with information in their mother tongue makes their engagement with us a satisfying experience. Read more on page 10.

This month, our cover personality is Prof Marina Rautenbach of the Department of Biochemistry. Her innovative research has recently won her the Women in Science Award. She is truly an inspiration for all. On page 15 we chat to her about her research and career.

Personeellede het 'n prettige dag op 5 September gehad toe Losliddag gevier is. Dit was omtrent 'n dag van sports. Kyk net op bladsy 11 na die blink kostuums waarin personeellede hulle vir dié dag uitgedos het.

Kampusnuus berig ook oor die naweek toe Helshoogte-koshuis in 'n rolprentstel omskep is, en 'n navorsers aan die US skryf oor skaamheid by jong kinders – iets wat elke ouer behoort te lees.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus* en laat hoor van julle.

Wayne



Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertensies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wmmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
 STELLENBOSCH
 UNIVERSITY

KAMPUS klets

Welkom, Attie Juyn (nuwe Senior Direkteur: Informatietegnologie; sien bladsy 7), en baie geluk met die aanstelling in 'n uitdagende omgewing. Wens jou alles van die beste toe vir die toekoms.
 – Jackie Wiese

Prof Charles Wiysonge (of the Faculty of Medicine and Health Sciences; see page 16) gave a polished inaugural lecture and snippet on his contribution and those of others in health research. It was so effective that the next day, I found myself sending my recently enrolled PhD student to do more critical literature analysis before we could start on a research project we had agreed the previous week was novel. Well done, Charles. – Collet Dandara

Ons het net die grootste bewondering vir prof Chris Heyns (hoof van die Afdeling Urologie; sien bladsy 6) gehad. Die US het 'n groot klinikus verloor. Ek het kommentaar gelees van internasionale kollegas en hulle deel hierdie mening. – Prof TF Kruger



Listening to tunes of @DesmondandTutus in anticipation for #MatiesDiversity week. – Khensani Hlongwane

For me, Sokkie is one of the most beautiful expressions of an inclusive event – music from Disturbia to Baby Chocklits #MatiesDiversity – Jonno Blanckenberg-Mubaiwa

Briewe aan *Kampusnuus* is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-posfisiële adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. *Kampusnuus* behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).

'Dis my beurt om te help'

Sowat drie jaar nadat hy self 'n student in die Skool vir Rekeningkunde aan die Universiteit Stellenbosch was, het Amber de Laan (25) na sy almal mater teruggekeer – dié keer as geektrooieerde rekenmeester en dosent. Boonop is hy 'n projekbestuurder vir die tien jaar oue Thuthuka-beursprogram, wat ook aan hom 'n studiegeleentheid gegun het. Deur RONÉL BEUKES

Onderrig is in die De Laan-familie se bloed ... My pa, Bertie, gee bedryfseconomie by die Sekondêre Skool Grootbrakrivier en my ma, Emmarentia, rekeningkunde by die Hoërskool George, waar ek in 2006 gematrikuleer het. My broer, Bramley, volg vanjaar die SciMathUS-oorbruggingsprogram. Buiten my klasgee is ek ook een van twee projekbestuurders wat verantwoordelik is vir die organisering en monitoring van die Thuthuka-beursprogram op Stellenbosch.



Die Thuthuka-beursprogram is ... 'n transformasieprojek van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geektrooieerde Rekenmeesters. Dit is daarop gemik om swart en bruin leerders aan te moedig om hulle as geektrooieerde rekenmeesters te bekwaam. Sedert die program in 2005 tot stand gekom het, het 46 studente, myself inklusief, as geektrooieerde rekenmeesters geregistreer of is besig met registrasie. 'n Verdere 49 moet nog net aan hul opleidingsverpligtinge voldoen voordat hulle kan registreer. Die US het een van die beste Thuthuka-programme landwyd, en ek reken dit gaan nog baie groei.



My grootste rolmodelle is ... die krieketheld Jacques Kallis en (die ontslape sakeman) dr Anton Rupert. Op sportgebied het Jacques bewys dat 'n mens ondanks alles sukses kan behaal met 'n kombinasie van goeie basiese tegnieke, fokus en vasberadenheid. Ek het Rupert nooit ontmoet nie, maar het hom altyd bewonder en oor hom gelees. My indruk is dat hy kalm en redelik was, asook vasberade om kundigheid en hulpbronne in die gemeenskap terug te geploeg. Ek kon daarmee identifiseer, want die Thuthuka-filosofie is juis op die terugploeg-beginsel gegrond.



Dit is nou my beurt ... om te terug te gee deur studente te motiveer. Wanneer studente iemand sien wat die program suksesvol voltooi het, inspireer dit hulle om hard te werk en in hulself te glo. Die Thuthuka-program met sy helpmekaar-filosofie het my nie net in staat gestel om geleenthede aan te gryp nie, maar het tot kosbare vriendskappe en waardevolle verhoudings met mense in die praktyk gelei.

My planne vir die toekom is ... om volgende jaar vir my meestersgraad in te skryf. Op die langer termyn beplan ek om my eie onderneming te begin, een wat produktontwikkeling insluit. Ek ondersoek reeds verskeie idees.

Foto's: STEFAN ELS

Food security to benefit from collaborative research

Research collaboration, particularly on food and nutrition security, is the main objective of a bilateral agreement between SU and the prestigious Swiss Federal Institute of Technology Zurich (ETH Zurich).

According to Prof Leopoldt van Huyssteen, SU's acting Rector, the formal link to the ETH Zurich associates SU with one of the finest institutions in the world, but moreover, it is the formalisation of a research collaboration that holds potential for academic and societal impact.

In response to why ETH Zurich has forged this African partnership, the institution emphasizes that it "seeks strategic international collaborations that align with its expertise and advance its research and educational interests, while contributing to solving some of the world's biggest challenges. Stellenbosch, a well-established research-intensive university, ranks

highly in the region and values international quality standards".

The agreement for cooperation, which will put into practice the development of excellent research projects, was signed at STIAS in Stellenbosch on 26 August. This agreement is the result of discussions that started in 2013, particularly in the field of food and nutrition security.

The food and nutrition security project that was detailed during a joint workshop attended by academics from both institutions this year, will be the flagship project for the collaboration and includes sub-projects in cross-cutting fields of sustainable production systems, human nutrition, water, conservation



Prof Leopoldt van Huyssteen, SU's acting Rector and Vice-Chancellor, and Prof Lino Guzzella, Rector of the ETH Zurich.

ecology and invasive species, food science, mineralogy, and insect physiology.

The collaboration will include the full spectrum of educational activities: joint research, staff and student exchanges as well as the sharing of information on science and technology.

CAF launches first nanoCT-scanner in Africa

The first nanoCT scanner in Africa was officially launched on 15 September 2014 at SU's Central Analytical Facilities (CAF). This makes the X-ray computed tomography (CT) scanner facility at SU one of only a few facilities worldwide to have both micro and nanoCT capabilities at one facility.

X-ray CT, also called X-ray microscopy, is a non-destructive technique for visualising interior features within solid objects, and for obtaining digital information on their 3-D geometries and properties.

Dr Anton du Plessis, manager of

the CT scanner facility at SU, says they are now able to analyse small samples – like microchips or a maize kernel – at a very high resolution (500 nanometres), thereby enabling scientists and engineers to visualise the inner structure of an intact object.

"The nanoCT scanner is an emerging technology that is set to grow exponentially in the next few years as industry and scientists realise the possibilities it offers and as computers and software improve to analyse the huge data sets," he says.

In Europe and the USA it is already

standard practice for high value manufacturing factories to check parts with this technology, according to Du Plessis. "Within the hour it can give you a full porosity size distribution visual and data information from a sample, telling you if the part is good or not. Some mining companies are using it to investigate ore bodies in 3D to better analyse their deposits in 3D slice images."

The nanoCT scanner was acquired through the National Research Foundation's National Equipment Programme.

Wessel Pienaar voorsitter van die SA Akademie



Prof Wessel Pienaar

wat strek van 2014 tot 2017. Met sy verkiesing word Pienaar die 41ste

Prof Wessel Pienaar van die Departement Logistiek is op 4 September aangewys as voorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die termyn

voorsitter van dié prestigierike liggaam. Die Akademie is in 1909 gestig. Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, tegnologie en kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans.

Die Akademie se werksaamhede geskied grootliks deur kommissies en werkskomitees. So byvoorbeeld is die Taalkommissie verantwoordelik vir die produksie van die Afrikaanse woordelys

en spelreëls (AWS).

Die Akademie funksioneer landswyd deur streekswerkgemeenskappe. Dit bestaan uit bykans 1 000 kundiges.

Pienaar sê die talent en dryfkrag wat die Akademie tot sy beskikking het, bied 'n besondere geleentheid om die organisasie se doelwitte te bereik. "Om dié rede lê daar vir my 'n uitdaging voor om die Akademie se projekte en aksies te help lei sodat dit ten beste tot voordeel van die breër gemeenskap is."

SU and STIAS sign funding agreement

SU and the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) signed a funding agreement that heralds a new era in the relationship between the two institutions.

Prof Leopoldt van Huyssteen, SU's acting Rector, and Desmond Smith, Chairperson of the STIAS Board, signed the agreement on behalf of the University and STIAS.

According to SU's Vice-Rector for Research and Innovation, Prof Eugene

Cloete, the SU Council allocated funds which enable the University to award a grant to the STIAS Trust for the next five years. This grant is equivalent to the one that the Knut and Alice Wallenberg Foundation made to STIAS in 2013.

"The basis of the agreement is the focus on Africa and the commitment of both institutions to fully develop the continent's next generation of academics," said Cloete.

Prof Hendrik Geyer, Director of

STIAS, said the institute will, in terms of the agreement, fund a number of Stellenbosch doctoral students, from African countries in particular, to promote the development of a new generation of top researchers.

"Participation in the STIAS programme is still by invitation, but it has been complemented by an open application process which also allows SU researchers to become STIAS fellows," said Geyer.

US blink uit by Energie-toekenningsgeleentheid

Die US staan besonder sterk op die gebied van hernubare energie en het pas drie top-toekennings uit vyf kategorieë op dié gebied ontvang.

Die 2014 SANEA (South African National Energy Association) / SANEDI (South African National Energy Development Institute) se toekennings is op 21 Augustus in Sandton oorhandig.

Prof Wikus van Niekerk, direkteur van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies (CRSES), het die 2014 SANEA Energietoekenning ontvang vir sy bydrae tot hernubare energie in Suid-Afrika, veral op die gebied van sonenergie.

Van Niekerk het reeds diep spore getrap op die gebied van hernubare energie en die omgewing en is bekend vir sy aktiewe deelname aan nasionale energiebeplanning. Hy dien op verskeie nasionale en internasionale verenigings en is betrokke by navorsingsprojekte in samewerking met verskeie universiteite.

Navorsing onder sy leiding het al

gelei tot verskeie toekennings van die Tegnologie-Innovasie-Agentskap (TIA), asook verskeie patente.

"Hierdie energietoekenning moet veel eerder gesien word as die uitkoms van 'n span by Stellenbosch wat baie goed oor die laaste sewe jaar saamgewerk het om die US te vestig as dié vooraanstaande Suid-Afrikaanse universiteit in dié veld," sê Van Niekerk.

Prof Alan Brent en sy voormalige PhD-student, dr Marco Lotz, het die SANEA Energie-opleidingstoekenning ontvang vir hul koolstofvoetspoorgids wat in Februarie vanjaar bekendgestel is. Brent, mededirekteur van CRSES, is ook verbonde aan die Volhoubaarheidsinstituut en die Departement Bedryfsingenieurswese.

"Daar is toenemende druk op die bedryf om hul koolstofvoetspoor te verklaar en te bestuur. Dus is daar 'n toenemende behoefte vir voor- en nagraadse studente om bewus te word van hoe om so 'n koolstofvoetspoor te bereken. Dié gids is die eerste stap en

koolstof is die eerste aspek. Die bestuur van energie, water, afval, en dies meer, is volgende," sê Brent.

Karel Malan, elektroniese ingenieur en oud-Matie, het die toekenning vir Jong Navorsers van die Jaar ontvang.



Wenners van die energie-toekennings: Prof Wikus van Niekerk, prof Alan Brent en Karel Malan.



Tydens 'n luisterryke en feestelike aand is die ontvangers van vanjaar se ATKV-Woordveertjies op Vrydag 12 September by D'Aria in Durbanville aangewys. 'n Woordveertjie en Woordwys-toekenning in die kategorie Woordeboeke en Taalgids is toegeken aan die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se Deel XIV, wat in Oktober 2013 verskyn het. Hier is dr Frik Lombard (eindredakteur) en dr Willem Botha (hoofredakteur en uitvoerende direkteur) van die WAT saam met die gasvrou vir die aand, Elana Afrika-Bredenkamp en Rolanda Marais. In sy dankwoord het Botha gesê die samestelling van die WAT is 'n spanpoging en hulde gebring aan die ander lede van die redaksiespan, Gerhard van Wyk (senior mederedakteur), Alet Cloete, Liza Rademeyer en dr. Hanelle Fourie Blair.

UWK en e'Bosch vereer wyle prof Botman

Die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) het hul kanselier se Uitstaande Alumnus-toekenning postuum aan wyle prof Russel Botman, voormalige rektor en viskanselier van die US, tydens 'n spesiale geleentheid toegeken.

Botman, wat op 28 Junie vanjaar skielik oorlede is, is vir sy uitstaande werk en bydrae tot onderwys en nasiebou vereer.

Sy vrou, Beryl, het die toekenning namens haar oorlede man ontvang. Sy het gesê Botman het nie sy lewe gelei om erkenning te kry nie, maar dat hierdie erkenning van UWK baie vir hom sou beteken het.

Sewe ander ontvangers is ook tydens die geleentheid vir hul uitstaande prestasies en toewyding aan die bestuur van akademiese uitnemendheid op die gebied van hoërsonderwys vereer. Hulle is proff Brian Figaji, wyle Jakes Gerwel, Jonathan Jansen, Nicholas Morgan, Brian O'Connell, Demick Swartz en dr Franklin Sonn – almal UWK-alumni wat rektore en viskanseliers

van verskillende hoërsonderwysinstellings in Suid-Afrika geword het.

Intussen het Stellenbosch se e'Bosch Erfenisprojek ook Botman vereer as "'n wonderlike man en 'n brugbouer wat mense bymekaar gebring het".

Botman is vereer met 'n e'Bosch Erfenistoekenning vir die ondersteunende rol wat hy sedert 2011 gespeel en die bydraes wat hy tot die Erfenisprojek gemaak het, nie net in sy persoonlike hoedanigheid nie, maar ook as rektor en viskanselier van die US.

Sy vrou, Beryl, het ook hier die spesiale huldeblyk namens haar oorlede man ontvang.

Die Stellenbosch Besprekingsforum, wat 20 jaar gelede 'n sleutelrol



Beryl Botman ontvang die eerbewys van UWK se kanselier, Aartsbiskop Thabo Makgoba. By hulle is Africa Melane, die compère van die aand.

in die vreedsame oorgang na demokrasie in Stellenbosch gespeel het, het terselfdertyd 'n e'Bosch Erfenistoekenning ontvang en prof Willie Esterhuysen het die geleentheid gehad om 'n oorsig te gee oor die verloop en belang van die Besprekingsforum se geskiedkundige rol.

USB's previous directors acknowledged

Three of the seven former directors of the University of Stellenbosch Business School's (USB) were present at the School's 50-year gala dinner, held at Spier wine estate in mid-September.

They were Prof Helgaard Muller (1975–1987), his successor, Prof Arminius Archer (1988–1993) and Prof Eon Smit (1996–2010). Joining them at the event was USB's recently appointed director, Prof Piet Naudé.

Naudé said: "When I'm looking back on the 50-year history of USB, I see how each director made a contribution in his own right. They all had to read the signs of the times to make their respective contributions."

Under Muller's directorship USB endeavoured to cooperate closer with Europe and the USA, increase its focus on research, forge closer ties with business leaders and draw faculty from abroad. Archer is credited for increasing USB's MBA student numbers to 580 (from 13 in 1964) and introducing the first Senior Management Programme.

During Smit's term, the School gained recognition as a member of

the international business school community, acquiring EQUIS (2001) and AMBA (2002) accreditation. USB's third international accreditation, AACSB, was acquired under Prof John Powell in 2012.

The other three former directors were: Prof Jan van der Meulen (1964–1972), Prof Robert Tusenius (1972–1975) and Prof Dave Tromp

(1993–1996).

Speaking at the gala event, Naudé said the next challenge for USB is to become a school that is mentioned in the same breath as top business schools globally, such as Harvard in the United States, the London Business School and INSEAD in France.

- A special USB50 book will be available in November.



Former USB directors Profs Eon Smit, Helgard Muller and Arminius Archer with Dean of the Faculty of Economic and Management Sciences, Prof Stan du Plessis (centre), and the new USB director, Prof Piet Naudé (far right).

Oud-direkteur van Konservatorium sterf



Prof Richard Behrens

van 1961 tot 1988 Departementshoof en Direkteur van die US Konservatorium, maar was in totaal 40 jaar lank

'n Voormalige hoof van die US se Musiekdepartement, Prof Richard Behrens, is op Sondag 21 September in die ouderdom van 89 oorlede.

Behrens was

aan die Musiekdepartement verbonde. Hy het in 1944 sy musiekstudies aan die US begin, en in 1946 die BA (Mus)-graad (cum laude) ontvang en in 1948 sy BMus-graad onder leiding van prof Maria Fisser verwerf.

Behrens, wat in 1925 in Kroondal naby Rustenburg gebore is, het sy eerste klavier-, orrel- en vioolonderrig daar op skool gehad. Ná sy studies aan die US het hy ook aan die Staatliche Hochschule für Musik in Frankfurt, Duitsland, verder gestudeer.


"Onder sy leiding het die Musiekdepartement en Konservatorium

gegroeï tot 'n voorbeeld waarna ander soortgelyke instansies in die land met bewondering opgekyk het.

"Die totstandkoming van die nuwe Konservatorium, wat in 1978 ingewy is en steeds as een van die voortreflikste geboue van sy soort in die wêreld geld, kan met reg as 'n sigbare monument vir Behrens bestempel word," het prof Winfried Lüdemann, huidige Voorsitter van die Musiekdepartement, gesê.

Die foyer van die Endlersaal in die Konservatorium is in 2008 na Behrens vernoem.

US rou oor voortreflike akademikus



Prof Chris Heyns

Prof Chris Heyns, hoof van die Afdeling Urologie, is op 1 Augustus 2014 oorlede. Hy word deur sy kollegas beskryf as

'n voortreflike akademikus, leier en gesinsman. Heyns was ook die enigste Suid-Afrikaner wat as president van die Soci t  Intemasionale d' Urologie (SIU) gedien het. Vele voor- en nagraadse student het voordeel getrek uit sy besondere akademiese- en skryfvermoens.

Sy passie vir navorsing (meer as 300 publikasies) en die vakgebied Urologie

was 'n voorbeeld vir almal wat met hom te doen gehad het.

Heyns het aan Paul Roos Gimnasium gematrikuleer en die grade MB,Chb en MMed (Urologie) aan die US behaal.

Hy word oorleef deur sy vrou Isabel ('n dokter by Tygerberg-hospitaal), seun Christiaan en dogters Marianka en Larissa. Sy drie kleinkinders, Emily, Anika en Max, was sy trots.

NNS vereer twee US-navorsers

Twee navorsers van die US is vereer tydens die jaarlikse toekenningsgeleentheid van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). Dit is op 11 September tydens 'n seremonie by die Thaba Ya Batswana Eco Hotel in Johannesburg bekend gemaak.

Prof J Wentzel van Huyssteen van die Fakulteit Teologie en prof Cornie van der Merwe van die Fakulteit Regsgeleerdheid het albei toekennings ontvang as A-geëvalueerde navorsers.

Die NNS-toekennings word gemaak aan top geëvalueerde navorsers wat as leiers in hul onderskeie navorsingsvelde

beskou word, gebaseer op eweknie beoordeling en volgens internasionale standaarde van beste praktyk. Die werk van hierdie navorsers word gemeet aan hul bydrae tot die veld volgens gehalte en impak.

Van Huyssteen is 'n buitengewone professor in die Fakulteit Teologie en doseer kursusse oor die wêreldsienings van onder meer teologiese refleksie, geloof en kultuur, en teologie en kosmologie.

Hy het al verskeie toekennings in sy loopbaan ontvang, waaronder die Andrew Murray-prys vir teologiese literatuur, die Bill Venter-toekenning

van akademiese uitnemendheid, asook die Amerikaanse Akademie van Geloof se prys vir senior navorsers.

Van der Merwe is 'n senior navorsers in die Departement Privaatreg in die Fakulteit Regsgeleerdheid. Sy navorsingsfokus is eiendomsreg, deeltitels, Romeinse reg en die Europese regstelsel.

Hy is ook emeritus-professor in siviele reg aan die Universiteit van Aberdeen in Skotland, waar hy die eerste semester van elke jaar werk. Hy het ook vele toekennings ontvang, onder meer die Von Humboldt- en Max Planck-stipendia.

IT kry nuwe direkteur



Attie Juyn

Attie Juyn is onlangs aangestel as Senior Direkteur: Informasietegnologie en sal in Januarie die tuig opneem.

Juyn, wat sedert 1992 betrokke is by die Noordwes-universiteit (NWU) se informasietegnologie-afdeling en sedert 2004 die hoofdirekteur van di  afdeling was, s : "Ek het die voorreg gehad om die IT-afdeling van NWU te lei na 'n baie gesofistikeerde en effektiewe afdeling van die universiteit. Die US bied weer nuwe uitdagings en geleenthede om 'n verdere bydrae te

kan lewer tot die bre r ontwikkeling van die sektor deur die effektiewe benutting van IKT."

Volgens Juyn het hy nie reeds uitgemaakte planne vir die US se IT-afdeling nie en sal hy in samewerking met al die belangegroepes by die US prosesse lei wat uiteindelik sal uitloop op realistiese dog betekenisvolle verbeterings.

'n Nuwe era

Die nuutontwerpte raadsaal van die US in Admin B is pas voltooi en word reeds vir raadsvergaderings ingespan. KAMPUSNUUS berig oor die verbouings en geskiedenis van die raadsaal, asook oor 'n nuwe ultramoderne lesingsaal in die Van der Sterr-gebou.

Die Universiteit se raadsaal in Administrasieblok B kom al 'n lang pad en het oor die jare 'n aantal gedaantes gehad. Onlangs is die raadsaal weer opgeknep en is nou 'n vergaderlokaal van die 21ste eeu.

Wat ons vandag ken as Admin B is op 29 Junie 1932 as die US se nuwe Administrasiegebou ingewy tydens die halfjaarlikse gradeplegtigheid. Die nuwe gebou is ontwerp om voorsiening te maak vir 'n raadsaal en 'n senaatsaal, omdat die Raad sedert 1886 tot toe in 'n redelik klein vertrek in die ou Kollegegebou vergader het.

Maar selfs die raadsaal van 1932 moes sowat 30 jaar later veruim word om in die behoeftes van die US en die Raad te voorsien.

In die boek *Stellenbosch 1866–1966: Honderd Jaar Hoër Onderwys* (saamgestel deur die oudrektor prof H.B. Thom) word daar só geskryf oor hierdie toe nuwe raadsaal wat die US op 18 April 1964 ingewy het: "Die pragtig vervaardigde stinkhoutmeubels saam met die swaar donkerrooi fluweelgordyne skep 'n atmosfeer van kalme waardigheid. Die universiteitswapen, kunstig uit hout gesny, beklee die brandpunt agter die hoë voorsitterstoel, en daarteenoor teen die agterste muur hang die skildery van die groot weldoener, wyle mnr Jannie Marais."

Maar, word ook geskryf, die raadsaal met sy groter ruimte sal "weens die snelle ontwikkeling van die Universiteit" ook spoedig weer aangepas moet word om in nuwe behoeftes te voorsien.

En nou, in 2014, was dit weer tyd om die raadsaal te veruim om aan te pas by die tegnologie van ons era.

Wat die uitleg betref, sê dr Barbara Pool, Direkteur: Projekte aan die US, is die muur tussen die raadsaal en komiteekamer verskuif om die raadsaal ietwat groter te maak. Die kombuis is ook heringerig en toegerus sodat klein geleenthede in die ontvangsarea voor die lokale



Die nuwe moderne raadsaal in Admin B. Foto: STEFAN ELS

aangebied kan word.

Die mans- en dameskleedkamers is heringerig en daar is ook 'n toilet vir gestremde persone.

Nuwe meubels is ook ingebring. Die raadsaal het 'n nuwe tafel wat vir 36 persone voorsiening maak, asook nuwe stoele gekry. Die ou ovaaltafel in die raadsaal is na die komiteekamer verskuif. Dit is verleng om voorsiening te maak vir 14 mense.

Die ou raadsaalstoele is ook herstoffeer en oorgetrek vir gebruik in die komiteekamer. Die ou raadsaaltafel (U-vormig) gaan deur 'n ander omgewing in die US oorgeneem word.

Die ontvangsarea het ook nuwe meubels, met veeldoelige tafels wat tydens funksies gebruik kan word.

Die jongste tegnologie is ook aangebring. Die raadsaal is nou volledig toegerus met voorleggingsfasiliteite, 'n mikrofoon- en tolkingstelsel en videokonferensiefasiliteite. Die komiteekamer het ook voorleggingsfasiliteite en 'n interaktiewe bord vir gebruik tydens werkwinkels en beplanningsessies.



Hierdie foto, wat in die *Matieland* (nommer 2) van 1964 gepubliseer is, is geneem tydens die eerste vergadering van die Raad in die nuwe raadsaal op 18 April 1964.



Die US-raadslede in 1957 in 'n foto wat in die *Matieland* (nommer 3) van 1957 verskyn het.

Ultramoderne lesingsaal



Prof Pieter von Wielligh gee klas in die nuwe ultramoderne lesingslokaal in die Van der Sterr-gebou. Foto: ANTON JORDAAN

Die begin van die tweede semester het vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe saamgeval met die ingebruikneming van 'n nuwe auditorium met ultramoderne toerusting. Dit is nou die tuiste van 270 HonsBRek-studente.

Die ruim lokaal in die Van der Sterr-gebou het sagte sitplekke vir meer as 300 mense en spog met indrukwekkende geriewe.

Benewens die uitstekende akoestiek, beligting en onderrighulpmiddels, beskik die saal oor WiFi-kapasiteit vir 300 studente. Boonop kan studente hul elektroniese toestelle by ingeboude kragpunte in die banke laai.

Die lokaal is toeganklik vir mense met gestremdhede. Daar is spesiale sit-areas vir studente in rolstoele, asook vir studente met gehoorgestremdhede. Gehoorapparaat kan op 'n spesifieke frekwensie ingestel word om die dosent se stem te versterk.

Volgens prof Pieter von Wielligh, hoof van die HonsBRek-program, was dit 'n heerlike ervaring en groot voorreg om die eerste dosent te wees om in die nuwe lokaal klas te gee.

"Die oudiovisuele toerusting is wêreldklas en die akoestiek in die lokaal is goed."

"Ek kon al die studente se gesigte duidelik sien, aangesien die lokaal teen 'n helling uitgelê is. Die oudiovisuele toerusting is wêreldklas en die akoestiek in die lokaal is só goed dat ek vir 'n groot gedeelte van die klas sonder 'n mikrofoon gewerk het, en dit sonder dat ek harder as gewoonweg moes praat. Verder kon ek voor in die lokaal staan en duidelik hoor wanneer 'n student selfs van heel agter 'n vraag vra."

Tydens die konstruksiewerk is die toiletgeriewe wat die lokaal bedien ook drasties opgradeer, sê die fakulteitsbestuurder MJ Brooks.

